

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

WINDHOEK

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Donderdag 30 Desember 1982

Thursday 30 December 1982

No. 4727

INHOUD:

Bladsy

CONTENTS:

Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. AG. 188 Afkondiging van Wysigingswet op Verpleging, 1982 (Wet 22 van 1982), van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika

1

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 188 Promulgation of Nursing Amendment Act, 1982 (Act 22 of 1982), of the National Assembly of South West Africa

1

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Kantoor van die

Office of the

**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

**DEPARTEMENT VAN DIE MINISTERS-
RAAD**

**DEPARTMENT OF THE COUNCIL OF MI-
NISTERS**

No. AG. 188 1982

No. AG. 188 1982

**AFKONDIGING VAN WET VAN NASIO-
NALE VERGADERING**

**PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL
ASSEMBLY**

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem is deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 22 van 1982: Wysigingswet op Verpleging, 1982

No. 22 of 1982: Nursing Amendment Act, 1982

Wet No. 22, 1982

WYSIGINGSWET OP VERPLEGING, 1982*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal
onderteken op 30 Desember 1982)***WET**

Tot wysiging van die Wet op Verpleging, 1978, ten einde die administrasie van sekere aangeleenthede aan die Ministersraad oor te dra; sekere werksaamhede van geregistreerde verpleegkundiges in diens van die Departement van Nasionale Gesondheid en Welsyn of van 'n verteenwoordigende owerheid te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van
Wet 50 van 1978.

1. Artikel 3 van die Wet op Verpleging, 1978 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) om die Ministersraad van advies te dien aangaande enige aangeleentheid wat binne die bestek van hierdie Wet val;”;

(b) deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(e) om inligting aan die Ministersraad oor te dra aangaande aangeleenthede van openbare belang wat deur die raad in die loop van die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet ingewin word.”.

Wysiging van artikel 4 van
Wet 50 van 1978.

2. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by paragraaf (e) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

“Met dien verstande dat die raad nie sonder die toestemming van die Ministersraad weier om so 'n skool goed te keur of die goedkeuring daarvan intrek of opskort nie;”.

NURSING AMENDMENT ACT, 1982

Act No. 22, 1982

*(English text signed by the Administrator-General
on 30 December 1982)*

ACT

To amend the Nursing Act, 1978, so as to transfer the administration of certain matters to the Council of Ministers; to regulate certain functions of registered nurses in the service of the Department of National Health and Welfare or of a representative authority; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows: —

1. Section 3 of the Nursing Act, 1978 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended —

Amendment of section 3 of Act 50 of 1978.

(a) by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) to advise the Council of Ministers on any matter falling within the scope of this Act;”;
and

(b) by the substitution for paragraph (e) of the following paragraph:

“(e) to communicate to the Council of Ministers information on matters of public importance acquired by the council in the course of the performance of its functions under this Act.”.

2. Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the proviso to paragraph (e) of the following proviso:

Amendment of section 4 of Act 50 of 1978.

“Provided that the council shall not refuse to approve, or shall not withdraw or suspend the approval of, any such school without the consent of the Council of Ministers;”.

Wet No. 22, 1982

WYSIGINGSWET OP VERPLEGING, 1982Wysiging van artikel 8 van
Wet 50 van 1978.

3. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Die president kan te eniger tyd ’n spesiale vergadering van die raad belê wat gehou moet word op die datum en plek wat hy bepaal en hy moet, op skriftelike versoek van die Ministersraad of ’n skriftelike versoek wat deur minstens ses lede onderteken is, ’n spesiale vergadering belê wat binne dertig dae na die datum van ontvangs van die versoek gehou moet word op die datum en plek wat hy bepaal.”.

Vervanging van artikel
38A van Wet 50 van 1978,
soos ingevoeg deur artikel
2 van Wet 71 van 1981.

4. (1) Artikel 38A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Spesiale
bepalings met
betrekking tot
sekere verpleeg-
kundiges.

38bis. Ondanks die ander bepalings van hierdie Wet en die bepalings van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet No. 53 van 1974), en van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepes, 1974 (Wet No. 56 van 1974), kan ’n geregistreerde verpleegkundige wat in diens is van die Departement van Nasionale Gesondheid en Welsyn, ’n verteenwoordigende owerheid, soos in artikel 1 van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), omskryf, ’n plaaslike bestuur of ’n organisasie wat ’n gesondheidsdiens verrig en deur die Sekretaris van Nasionale Gesondheid en Welsyn na oorlegpleging met die Suid-Afrikaanse Aptekersraad bedoel in artikel 2 van die Wet op Aptekers, 1974, aangewys is, en wat daartoe gemagtig is deur genoemde Sekretaris, die persoon verbonde aan die betrokke verteenwoordigende owerheid wie se funksies ooreenstem met die van die Sekretaris, die mediese gesondheidsbeampte van daardie plaaslike bestuur of die geneesheer wat beheer voer oor daardie organisasie, na gelang van die geval, enige handeling met betrekking tot

NURSING AMENDMENT ACT, 1982

Act No. 22, 1982

3. Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:

Amendment of section 8 of Act 50 of 1978.

“(a) The president may at any time convene a special meeting of the council, to be held on such date and at such place as he may determine and he shall, upon a written request by the Council of Ministers or a written signed by at least six members, convene a special meeting to be held, within thirty days after the date of receipt of the request, on such date and at such place as he may determine.”

4. (1) The following section is hereby substituted for section 38A of the principal Act:

Substitution of section 38A of Act 50 of 1978, as inserted by section 2 of Act 71 of 1978.

“Special provisions relating to certain nurses.

38bis. Notwithstanding the other provisions of this Act and the provisions of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act No. 101 of 1965), of the Pharmacy Act, 1974 (Act No. 53 of 1974), and of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), any registered nurse who is in the service of the Department of National Health and Welfare, a representative authority, as defined in section 1 of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980), a local authority or an organization performing any health service and designated by the Secretary for National Health and Welfare after consultation with the South African Pharmacy Board referred to in section 2 of the Pharmacy Act, 1974, and who has been authorized thereto by the said Secretary, the person on the staff of the representative authority concerned whose functions correspond to those of the Secretary, the medical officer of health of such local authority or the medical practitioner in charge of such organization, as the case may be, may in the course of such service perform with reference to—

Wet No. 22, 1982

WYSIGINGSWET OP VERPLEGING, 1982

- (a) die liggaamlike ondersoek van iemand;
- (b) die diagnosering van 'n liggaamlike gebrek, ongesteldheid of tekortkoming by enige persoon;
- (c) die aanhou van voorgeskrewe medisyne en die verskaffing, toediening of voorskryf daarvan op die voorgeskrewe voorwaardes; of
- (d) die bevordering van gesinsbeplanning,

in die loop van daardie diens verrig wat genoemde Sekretaris, persoon, mediese gesondheidsbeampte of geneesheer, na gelang van die geval, na oorlegging met die raad in die algemeen of in 'n bepaalde geval of in gevalle van 'n bepaalde aard bepaal: Met dien verstande dat sodanige verpleegkundige sodanige handeling mag verrig slegs wanneer die dienste van 'n geneesheer of apteker, na vereiste van omstandighede, nie beskikbaar is nie."

(2) Subartikel (1) word geag op 23 September 1981 in werking te getree het.

Kort titel.

5. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Verpleging, 1982.

NURSING AMENDMENT ACT, 1982

Act No. 22, 1982

- (a) the physical examination of any person;
- (b) the diagnosing of any physical defect, illness or deficiency in any person;
- (c) the keeping of prescribed medicines and the supply, administering or prescribing thereof on the prescribed conditions; or
- (d) the promotion of family planning,

any act which the said Secretary, person, medical officer of health or medical practitioner, as the case may be, may after consultation with the council determine in general or in a particular case or in cases of a particular nature: Provided that such nurse may perform such act only whenever the services of a medical practitioner or pharmacist, as the circumstances may require, are not available.”.

(2) subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 23 September 1981.

5. This Act shall be called the Nursing Amendment Act, 1982.

Short title.